

21 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 16:36-17:13

'n Vader vir sy kinders

Verbaas vra ons: Leer die mens dan nooit nie? Hoe lank gaan God geduldig bly? Die volk is so pas baie swaar gestraf. Meer as twee honderd en vyftig leiers is deur vuur verskroei. Verder is Korag, Datan en Abiram met hul gesinne lewend begrawe. En jou werklik, hier staan die volk al weer voor Moses en Aäron en snou hulle toe: Julle het die volk van die Here doodgemaak! Het hulle dan nie bemerk dat dit die Here was wat sy volk getug het nie?

Dan verskyn die magtige teenwoordigheid van die Here weereens in die wolkkolom. Dit is 'n aanduiding vir Moses en Aäron dat God hulle roep. Hulle gaan na die ingang van die tent. Ook die volk draai nou in dié rigting.

Die Here wil die volk weer verdelg. Trouens, 'n plaag het reeds onder die volk begin woed. Duisende sterf. Weer pleit Moses en Aäron op hul knieë voor die Here.

Hierdie keer bring Aäron 'n wierookoffer terwyl hy tussen die lewendes en die dooies staan. Die wierookoffer is op die Groot Versoendag gebring as bedekking vir die sondes van die volk. Hier dien dit dan ook as bedekking vir die opstand. Die Here aanvaar hierdie bediening van Aäron en bevestig so Aäron se liefdevolle priesterskap.

Ons bemerk dus strengheid en barmhartigheid by God. Soos 'n Vader onderrig God sy volk op talle wyses. Die kiere van Aäron met die bloeisels en ryp amandels dien ook om die volk tot gehoorsaamheid en gesagsaanvaarding aan te spoor.

Sien ons God se Vaderskap raak? Dank ons Hom daarvoor?

Sing: Onse Vader

Dr NP Heystek (Wapadrant)